**Mededelings aan die Konvokasie van die Universiteit Stellenbosch**
**deur prof H Russel Botman, Rektor en Visekanselier,**
**te HB Thom-teater, Stellenbosch, 10 November 2011**

Dankie, voorsitter. Goeienaand, dames en here. *Good evening. Molweni. Wamkelikile.*

Geagte lede van die US Raad en US Bestuur, prof Pieter Kapp, President van die Konvokasie, en ander lede van die Uitvoerende Komitee, lede van die Konvokasie, kollegas, dames en here, ek is, soos gebruiklik, hier om u ŉ blik op gebeure aan die Universiteit te gee – terugskouend, en wat ons toekomsplanne betref.

Ek het die eerste keer in 2007 hier gestaan, aan die begin van my eerste termyn. Ek het destyds gesê ons gaan bepaalde goed doen. Vanaand is die ideale geleentheid om hersiening te doen.

ŉ Belangrike onderneming wat ek gegee het, was oor uitnemendheid. Ek het genoem dat Stellenbosch een van die voorste navorsingsuniversiteite in Suid-Afrika en Afrika is, en dat ons suksesse gedryf word deur die internasionale kundigheid van ons personeel.

Vanaand kan ek met trots sê dat ons dit inderdaad die afgelope vier jaar gestand gedoen het. Daar was baie prestasies, maar ek sonder graag ŉ paar onlangse hoogtepunte uit – die US se insluiting by twee internasionale rangordes as een van die top universiteite ter wêreld: die QS World University Rankings en die Times Higher Education World University Rankings.

Ons is terdeë bewus van die metodologiese swakhede van rangordes, en dit is hoekom die Universiteit nie ranglyste najaag of oordrewe waarde daaraan heg nie. Ons waardeer egter die internasionale erkenning wat daarin vervat is. Dis erkenning aan die akademiese en navorsingsvoortreflikheid van ons personeel.

Uitnemendheid bly ŉ belangrike oogmerk vir die toekoms. Een van ons strategiese doelwitte vir die volgende vier jaar is juis om Maties se kundigheidsbasis verder uit te bou.

Dit is immers in die eerste plek die Universiteit se uitnemendheid wat ons in staat stel om ŉ betekenisvolle bydrae tot die gemeenskap te lewer.

Soos ek destyds gesê het, die uitdaging is ook om te beweeg van sukses na beduidendheid. Ons beskou dit as die universiteit se taak om sy kundigheid te gebruik om dringende maatskaplike uitdagings van ons dorp, omgewing, land, vasteland en die wêreld aan te spreek. Ons kyk om ons rond en sien ŉ lewende laboratorium waar ons kan werk.

Dit is wat tot die HOOP Projek aanleiding gegee het. Die feit dat die Universiteit op dié manier van waarde vir ons land en al sy mense kan wees, is iets waarop alumni oral waar ek hulle teëkom, trots is.

So van die HOOP Projek gepraat, dit dien ook as fondsinsamelingsveldtog vir die volhoubaarheid van die Universiteit vir die toekoms. Ons doelwit is R1,75 miljard, en ons is al oor halfpad.

Nou, nog ŉ onderneming wat ek in 2007 gegee het, was dat ons nie net "beduidend beter" sou word nie, maar ook "beduidend anders". Ek het gesê ons beweeg weg van ons verlede as ŉ plek waar sekere mense uitgesluit is, en dat ons eerder ŉ welkome heenkome aan almal wil bied.

Ek het gesê ons sal slegs tevrede kan voel oor billike toegang wanneer die dogter van die plaaswerker dieselfde toekomsgeleenthede as die seun van die plaasboer het.

Ook in dié verband maak ons goeie vordering. In 1990 het die US net 762 swart studente gehad – en hierby sluit ek swart, bruin en Indiër-studente in. Vandag het ons meer as 9 000 swart studente – of te wel 33% van ons studentekorps.

Nou, ons weet dat die dogter van die plaaswerker in ons geweste waarskynlik bruin is en Afrikaans praat. En dit is ondermeer waarom Afrikaans vir ons van strategiese belang as onderrigtaal is – nie soseer omdat dit om taalbehoud gaan nie, omdat dit ŉ instrument van bemagtiging is.

Ons is verbind tot die gebruik en volgehoue ontwikkeling van Afrikaans as akademiese taal – in die konteks van meertaligheid. Hierdie beginsel is reeds met die 2002-Taalbeleid van die Universiteit vasgelê.

Die US is lank nie meer ŉ uitsluitlik Afrikaanse universiteit nie, en ons wil ook nie ŉ uitsluitlik Engelse universiteit word nie. Dít is hoe ek my mandaat en opdrag verstaan – om niemand uit te sluit nie, maar ook niemand af te skeep nie.

Die Raad het aan die einde van 2009 besluit die Universiteit moet ŉ minimum voorgraadse aanbod van 60% in Afrikaans handhaaf. En dit is presies wat ons doen. Om die waarheid te sê, ons gemiddeld is eintlik ŉ paar persentasiepunte hoër.

Een van die groot uitdagings was om parallelmedium-onderrig te implementeer. In ŉ aantal van ons grootste fakulteite is dié model ingefaseer. Daar wás haakplekke, maar oor die algemeen is ons tevrede dis uitgestryk, en dis hoekom parallelmedium-onderrig verder uitgebrei gaan word.

Ook in die pyplyn, is die moontlikheid van opvoedkundige tolking. Ons het dit die afgelope jaar in ŉ aantal fakulteite op die proef gestel as deel van omvattende navorsing oor onderrigtaal. Die terugvoer was positief, en ons neem binnekort ŉ aanbeveling hieroor na die Raad.

Dit verg fyn taalbeplanning en -bestuur om studente keusevryheid te gee deur middel van ŉ ingewikkelde model bestaande uit verskillende opsies, en om dit reg te laat werk. Dit is

hoekom ons onderneem het om die situasie deeglik te monitor. Dit help tog nie jy het ’n Taalbeleid en ’n Taalplan, maar jy weet nie of dit uitgevoer word nie.

Nou, aan die einde van verlede week het dit onder ons aandag gekom dat daar klagtes is oor Afrikaans. Dít het ons die geleentheid gegee om ons moniteringstelsel te toets. Ek het ’n ondersoek aangevra, en het reeds die verslag ontvang – maar kom ek sê eers waaruit bestaan die moniteringstelsel.

Die Viserektor: Onderrig is oorhoofs verantwoordelik vir die implementering van die Taalplan, en in elke Fakulteit is dit die Dekane en Departementele Voorsitters wat verantwoordelikheid neem. Jaarlikse verslaggewing moet aan die Viserektor: Onderrig gedoen word.

Ons studente is leiers, nie nalopers nie. Daarom maak ons op hulle staat om ons te laat weet as daar nie by die taalspesifikasies vir ’n module gehou word nie. Daar is twee maniere waarop hulle dit kan doen:

- deur middel van ’n anonieme terugvoervorm, wat spesifieke vrae oor die toepassing van die taalspesifikasie in ’n module insluit. Die vorm word vir elke module aan die einde van die module ingevul; en
- tweedens kan hulle met hul klasverteenwoordigers praat, wat klagtes deurgee aan die Akademiese Belangeraad (ABR). Dié struktuur bestaan uit studente, en beskerm studente se akademiese belange. Hulle vergader gereeld formeel met Bestuur.

Die verslag wat ek aangevra het, wys uit dat daar min klagtes ontvang is. Daar is geen teken van die klagtes wat die afgelope dae in die koerante verskyn het nie. Natuurlik neem ons alle klagtes ernstig op, maar ’n stelsel is daar om gebruik te word en ons gaan studente weer hierop attent maak sodat ons die stelsel sterker kan maak.

Dames en here, daar is ’n ander dimensie van hierdie hele vraagstuk wat ek nou wil aanroer – nie as rektor nie, maar as ’n ouer van vier kinders en twee kleinkinders.

Dit maak my hartseer as ek sien ’n student sê op sy registrasievorm “Huistaal: Afrikaans”, maar “Taal van voorkeur: Engels”.

Dit maak my hartseer elke keer as ’n Afrikaanssprekende student ’n vraestel in Engels beantwoord al kan hulle dalk swakker doen, of ’n tesis in Engels indien net omdat dit mode is – want almal van hulle het die vryheid om dit in Afrikaans te doen.

Dít is die foutlyn wat ek in ons gemeenskap sien (en ek gebruik “gemeenskap” inklusief) en dít is die foutlyn wat vir Afrikaans aan Stellenbosch ’n bedreiging inhou – nie ons beleid van meertaligheid nie; nie die manier waarop ons ’n vaste plek vir Afrikaans verseker nie; nie ons bevorderingsplan vir Afrikaans nie.

Dit maak my hart ook seer as ek met ŉ student van Mitchellsplein Afrikaans praat, en hy praat met my Engels, en ek praat met hom Afrikaans, en hy praat met my Engels, en ek vra hom hoekom hy nie Afrikaans praat nie, en hy sê, "Professor, ek kry skaam vir my Afrikaans".

Uit skaamte vir die Kaapse klanke van sy moedertaal praat hy liewer Engels.

Maar, al maak dit my hartseer, respekteer ek studente se voorkeur om in die taal van hul keuse te studeer. En daarom bied ons ŉ meertalige konteks waar hierdie keuse vrylik uitoefen kan word – in Afrikaans of Engels.

Deur te belê in ŉ meertalige onderrigmodel wat toeganklikheid en studentesukses in die breedste sin van die woord verseker, belê ons juis in die toekoms van Afrikaans en in die diverse tongvalle van al sy sprekers. Dis ŉ belegging in ŉ beter Suid-Afrika.

Dames en here, ek staan hier aan die einde van my eerste termyn, en ek sien uit na die geleentheid wat ek opnuut deur die Raad en Senaat gebied is om hierdie plek van uitnemendheid en relevansie na nuwe hoogtes te lei – saam met my bekwame kollegas.

Ek wil graag dankie sê vir die lede van die Konvokasie wat hierdie pad saam met ons geloop het, en nog gaan loop. Ek wil ook dankie sê vir al die lede van die Konvokasie wat ŉ skenking aan die US gemaak het.

Altesaam 6 004 studente het verlede jaar voorgraadse beurse ontvang, die meeste van hulle finansieel behoeftige jongmense wat nie andersins Maties sou kon word nie. Talent is eweredig onder ons almal verdeel, maar nie geld nie.

Dis hoekom beurse nodig is, en baie van ons beurse is deur alumni befonds. Ons syfers wys 80% van ons individuele skenkers is alumni, en dus Konvokasielede. Hulle steun help die US om sukses te behaal.

Ek sluit my eerste termyn af, en begin my tweede termyn in die wete dat hierdie Universiteit op die regte koers is – vir die sukses van die volgende geslag Maties.

Baie dankie vir u aandag, en sterkte met die res van die vergadering.

-o0o-